# d6 Communicator
# Selfoon-toepassing Gebruikershandleiding


Die d6 School Communicator toep het 'n nuwe uitleg om jou gebruikerservaring te verbeter!

## Oorsig

Hierdie handleiding sal jou help om die toep maklik te gebruik.

Dit verduidelik hoe jy:

- Koppel aan 'n gemeenskap/skool
- Boodskappe kan lees of filter
- Betalings kan maak deur **d6 Pay** (aangedryf deur Sticitt)
- Die kalender en hulpbronne kan sien
- Jou profiel kan wysig
- **AI Assist** kan gebruik




Om meer oor die verandering te leer, kan u na die [Youtube video] kyk, of verder deur die gids lees.

# Hoe om die d6 School Communicator af te laai

**Stap 1**: Gaan na jou foon se toepwinkel

**Android:** Google Play Store
**iOS:** Apple App Store
**HarmonyOS:** Huawei AppGallery

- Soek deur die volgende in te tik by die soekbalk in die toepwinkel: **"d6 School Communicator"**
- Klik installeer

GET IT ON Google Play


Download on the App Store

EXPLORE IT ON AppGallery

**Stap 2:** Registreer of Teken in

Tik jou **e-posadres**, of **selfoonnommer** in en klik op "Gaan voort".

🔐 **Jou aanmeldbewyse bly dieselfde as jy reeds die d6-toep gebruik het, dit is nie nodig om weer te registreer nie!**




**Stap 3:** Voer OTP in

Nadat jy jou aanmeldbewyse ingevoer het, sal jy 'n OTP via SMS of E-pos ontvang

Voer **OTP** in




## **Stap 4:** Kies jou Gemeenskap

Die toep sal outomaties enige gemeenskappe (soos jou skool) opspoor wat aan jou profiel gekoppel is.
Jy sal hulle gelys sien - byvoorbeeld:

- Communication Standalone
- d6 Group
- d6 School
- The d6 Update Forum

✅ Jy kan die gemeenskappe hou waarmee jy gekoppel wil bly.
❌ Klik die X langs 'n gemeenskap as jy dit wil verwyder.




## Voeg 'n Nuwe Gemeenskap by (indien nodig)

As jou skool of gemeenskap nie gelys is nie:

1. Klik op **"Vind 'n gemeenskap"**
2. Tik die naam van jou skool in die soekbalk
3. Kies jou skool uit die lys om dit by te voeg

### Bevestig Jou Keuse

Sodra jy gemeenskappe bygevoeg of verwyder het, klik die blou "Gaan voort" knoppie onderaan die skerm.


**Jy is nou gekoppel!**

# Hoe om die d6 Communicator toep te gebruik

## 1. Bestuur van jou gemeenskappe


### Koppel aan 'n nuwe gemeenskap/ skool

- Op die Tuisblad, Kliek op **"jou gemeenskap"** bo-aan die skerm.
- Kies **"bestuur gemeenskappe."**
- Klik op die **soek-ikoon** (vergrootglas) regs bo.
- Klik die naam van die skool of gemeenskap in waarna jy soek (bv. *Jou gemeenskap*).
- Kies die regte gemeenskap uit die lys.
- Klik op die **regterpyl / volgende** knoppie onderaan om te koppel.




### Wissel tussen gemeenskappe/skole

- Op die tuisblad, kliek op die **"alle gemeenskappe"** aftreklys bo.
- Jy sal al die gemeenskappe sien waaraan jy gekoppel is (bv. *School of Excellence, Jou Gemeenskap*).
- Kliek op die naam van die gemeenskap wat jy wil oopmaak.




## 2. Bestuur van boodskappe

Boodskappe word deur jou skool of gemeenskap gestuur om belangrike kennisgewings en nuus met jou te deel.

### Hoe om boodskappe te sien

- Klik op die **boodskappe-ikoon** in die hoofkieslys, ***of***
- Klik op die **boodskapopsomming** op die tuisskerm.
- Die boodskappe word deur jou skool of gemeenskap gestuur om belangrike kennisgewings en nuus met jou te deel.




### Hoe om boodskappe te filter

Jy kan boodskappe makliker vind deur dit te filter:


- **Groepe:** Klik op "groepe" en kies watter groepe se boodskappe jy wil sien (bv. Junior Hokkie, Graad 1 Ouers). Klik **"herstel"** om weer alles te wys.
- **Ongelees:** Wys al die boodskappe wat jy nog nie oopgemaak het nie.
- **Gunstelinge:** Wys net die boodskappe wat jy met 'n ster gemerk het.
- **Sluit slegs in:** Laat jou toe om te filter volgens tipe boodskap (bv. Skakels, Vraelyste, Video's, Gebeure, Kontakte). Klik **"herstel"** om dit te kanselleer.
- **Belangrik:** Wys net boodskappe wat deur die skool as belangrik gemerk is (soos herinnerings of sperdatums)

### Lees en merk as "Gunsteling"

- Klik op 'n boodskap in die lys om dit oop te maak.
- Om dit as 'n gunsteling te merk, klik op die **ster-ikoon** regs bo.





## Groep- en direkte boodskappe




- Klik op die **boodskappe-ikoon** op die tuisskerm.
- Kies **“alle boodskappe”** om groepe te sien (bv. Klaskamer-ouers, Algemeen, Junior Hokkie).
- Om privaat boodskappe te sien wat net vir jou gestuur is, kies **“direkte boodskappe.”**

# 3. Maak betalings (d6 Pay)








Met **d6 Pay** kan jy maklik en veilig betalings direk in die toep doen.

## Betaal Oopstaande Items


- Klik op die **betalings-ikoon** in die hoofkieslys.
- Die blad **“onbetaal”** sal eerste wys.
- Soek die item wat jy wil betaal en klik op **“betaal.”**
  - Vir donasies, klik eers die bedrag in voordat jy aangaan.
- As daar meer as een ontvanger is (bedoelende meer as een kind vir wie daar betaal moet word), kies die regte naam vir wie jy betaal.
- Klik op **“gaan voort na betaling”** om na die betaalportaal aan te beweeg
- Kies jou voorkeur-betaalmetode:
  - Sticitt-beursie
  - Krediet-/debietkaart (Visa / Mastercard)
  - EFT

**Volg die stappe op die skerm om die betaling te voltooi.**




## Sien Betaalgeskiedenis en Kwitansies


- Op die **betalings**-skerm, klik op die **“betaal”** blad.
- Soek die betaling wat jy wil sien.
- Klik op **“kwitansie”** om dit te wys of af te laai.




# 4. Ander belangrike funksies


## Kalender

- Klik op die **kalender-ikoon** in die hoofkieslys.
- Jy sal ‘n lys van komende gebeure per maand sien.
- Rol af om toekomstige maande te sien.




## Hulpbronne

- Klik op die hulpbronne-ikoon in die hoofkieslys.
- Kies 'n kategorie (bv. Skoolinligting, Sportinligting).
- Klik op die hulpbron (bv. PDF of skakel) om dit oop te maak.





## Profielinstellings

- Klik op die instellings (rat) ikoon onderaan.
- Op die profiel-skerm kan jy jou persoonlike inligting aanpas (naam, e-pos, selfoonnommer).
- Klik "stoor" om veranderinge te bewaar.
- Jy kan hier ook:
  - **Teken uit** van jou rekening
  - **Verwyder jou rekening** permanent




## AI Assist *(Hierdie funksie word aangedryf deur Kunsmatige Intelligensie.)*

- Klik op die **AI Assist**-ikoon onderaan die skerm.
- Klik jou vraag, byvoorbeeld:
  - "Wanneer is die vakansiekamp?"
  - "Waar kry ek die aflaaiskakels vir die toep?"
- Neem kennis dat die AI Assist jou slegs kan antwoord op die inligting wat in jou gemeenskap geplaas is. Dit is die skool/gemeenskap se verantwoordelikheid om die inligting te plaas, sodat AI Assist jou kan antwoord.




## Benodig hulp?

As jy probleme met die toep ervaar, kontak asb jou **skool**,
of stuur 'n e-pos na appsupport@d6.co.za vir bystand.